# 26.12.20 - Boodskap aan JaHshua se kinders en Bruid oor Sy Apartgestelde Liefde

Woord ontvang op 25/12/20; 08:00 aan Daniel Grobbelaar

"Geseënd is die Aarde deur MY Bloed gekoop, voorwaar sê EK vir julle, Kinders van MY LIEFDE!

Die Trane van Liefde heet Barmhartigheid, en julle kan nie MY LIEFDE deurgrond en begryp met julle verstand nie, MY kinders. MY Liefde vir julle is oneindig en net julle wat begeer bo alles om te omvorm na MY **Nederige Dienende LIEFDE** sal geleidelik ingewy word in die **kosbare ewige Verborgenhede en Skatte** van MY Liefde vanuit MY OERGRONDPOOL.

Heilig, Heilig, Heilig is die Adamah wat deur MY Trane gesalf is en dit is MY Gewyde Wil **dat julle hierdie Adamah sal seën en laat opgroei** deur **bereidwillige** hande en voete om MY Liefdeswerke deur julle te volbring.

Hiermee wil EK, kinders van MY LIEFDE, nog 'n Verborgenheid met julle deel as seëning en Liefde vanuit MY aan julle, maar **oordink MY Woorde** met alle Erns in jul harte!

Met die blaas van MY Heilige salige Asem in Adam het EK binne-in hom **MY Allerheilige DNA Bewussyn geplaas en verseël.** So ook het EK hierdie Heilige DNA Bewussyn **oorgedra** van suiwer geslag tot geslag regdeur MY Volk deur alle geslagte heen wat hulle weë volgens MY Weë gehandhaaf het. Tot aan hierdie eindtyd het EK hierdie ewige skat aangehou skenk aan MY kinders van MY LIEFDE, wat MY Heilige Liefde in hulle harte aanvaar en lewend gemaak het.

*Mal 2:15 Het Hy dan nie een [adamiet] gemaak nie, hoewel Hy gees oorgehad het? En waarom die een? Hy het 'n **saadlyn** van Elohim gesoek. Neem julle dan in ag **ter wille van julle gees** en verraai nie die **Vrou** van jou jeug nie. [Génesis 1:27]*

Maar weet dat elke kind van MY 'n **Heilige Vonk** van hierdie Barmhartigheid verkry het wat julle verbinding en kommunikasie is met MY, julle Skepper van Hemele en Aarde.

**Heilig** is MY Asem wat Lewe verwek en alle duisternis en dood verdryf. Met die blaas van MY Asem het EK **Apartgestelde verbindings** volgens MY Liefdesorde geweef **in julle DNA**, wat vanaf MY Heilige DNA afstam. Hierdie Heilige verbindings van Lewe en vrye wil, is MY Barmhartigheid aan julle sodat julle op hierdie Ster van Verlossing **kindskap en Bruidskap** kan bereik deur vrywillig terug te keer na MY toestand van bestaan wat heet, LIEFDE.

Hier is waar MY Woorde van toepassing is in die eindtyd: "**MY Volk gaan ten gronde weens gebrek aan Kennis."** Maar oordink hierdie Woorde diep en ernstig MY kinders! Hierdie Kennis is nie julle dwase valse kennis van hierdie wêreld nie. Hierdie Kennis is **Heilig Apartgestelde Geestelike Kennis vanuit die Boom van die Lewe se Heilige Vrugtesappe**. Kennis van LIEFDE en die Heilige Wese, Toestand en Doel daarvan.

Daarom dat EK tot die uiterste gegaan het om as JAHSHUA die Gesalfde na hierdie Aarde te moes kom in 'n liggaam om julle te kom wys wat hierdie **Heilige Liefdeskennis** is. Ook om hierdie Liefdeskennis in julle weer te laat ontwaak omdat die toestand van julle geestelike lewe byna soos 'n geplunderde stad gelyk het waar **geen lewe en groei** is nie.

**LIEFDE is die Allerheilige Bewussyn van julle bestaan vanuit MY.**

MY kinders, waarom dink julle is moderne Egipte besig om slawe van julle te maak deur om juis hierdie **Heilige Geesvonk in julle te wil dood**? MY teenpool weet ook dat MY Heilige Liefdeskennis en Verborgenhede in die **Heilige verbindings in julle harts-DNA gesetel is, en dat die Saad daarvan HEILIG is**. Daarom dat julle wêreld en MY teenpool alles in hul mag probeer **om hierdie DNA te besoedel en te manipuleer** deur alle vorme van boosheid.

Kom na MY, MY kinders en laat EK weer **opnuut MY Asem in julle blaas** sodat julle <u>**vernuwe**</u> kan word met die Suiwering, Salwing en Bekragtiging van MY Heilige Gees.

**MY LIEFDE is die HEILIGE Frekwensie** en toestand van bestaan wat julle DNA, hart, siel en gees sal omvorm deur suiwering, genesing, vrymaking en eenwording met MY en MY Wese van LIEFDE. Kom en bely julle sondes voor MY in julle opregte harte en **laat MY HEILIGE LIEFDESGEBOOIE lewend raak in jul hart, in jul siel en in jul gees.**

Laat MY **Heilige Gees van VOLMAAKTHEID** floreer en straal in julle, met julle en deur julle, sodat MY Gewyde Liefdeswil van Vrymaking en Verlossing kan geskied deur julle waarin EK Leef.

EK IS WAT EK IS, EK IS lief vir julle, laat nooit MY Hand los nie MY kinders!, want terwyl die **oordeelswaters** oor hierdie bose wêreld sal kom so sal **MY Fonteine van Lewende Waters** vir julle tot HEIL, Verlossing en Vertroosting wees.

Kom en wandel saam MY en laat MY **LiefdesKrag en Wysheid** julle dra en lei."

## 28.12.20 - Boodskap aan JaHshua se kinders en Bruid oor Sy Apartgestelde Liefde

### Die Meester se belofte om Israel te herstel

**Esegiël 39:25** Daarom, so sê My Meester JaHWeH: Nou sal Ek die **lot van Jakob** verander en My ontferm oor die **hele huis van JisraEl** en ywer vir die **Naam van My Apartheid.**

39:26 En hulle sal hul smaad vergeet en al hul ontrou wat hulle teen My begaan het, as hulle **in hul Adamah** [die adamiet se Aarde] veilig woon en daar niemand is wat hulle verskrik nie.

39:27 As Ek hulle **terugbring** uit die volke en hulle **versamel** uit die Aarde van hulle vyande, sal Ek My in hulle **as die Aparte Een laat ken** voor die oë van baie nasies.

39:28 En hulle sal weet: Ek - is JaHWeH, hulle Elohey, en dat Ek hulle in ballingskap laat gaan het na die nasies, maar **hulle [weer] versamel het** in hulle Adamah [die adamiet se Aarde] en dáár niemand meer uit hulle agter laat bly het nie.

39:29 En Ek sal My Aangesig nie meer vir hulle verberg nie, **omdat Ek My Gees oor die huis van JisraEl uitgegiet het,** spreek My Meester JaHWeH.

### Visioen van die Nuwe Tempel

**Esegiel 40:1** IN die vyf-en-twintigste jaar van ons ballingskap, in die begin van die jaar, op die tiende van die [eerste] maand, in die veertiende jaar nadat die Stad ingeneem is, op daardie selfde dag, was die Hand van JaHWeH op my, en Sy het my daarheen gebring.

Eze 40:2 In gesigte van Elohim het Hy my in die Aarde van JisraEl gebring en my neergesit op 'n **baie hoë berg, en daarop iets wat soos 'n Stad gebou was, teen die Suide.** [Boekrol van Henog 25:3]

***Miga 4:1*** *EN aan die* ***einde van die dae*** *sal die* ***berg van die Huis van JaHWeH*** *vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en die volke sal na hom toestroom.*

*Mic 4:2 En baie nasies sal heengaan en sê: Kom, laat ons optrek na die* ***Berg van JaHWeH*** *en na die Huis van die Elohey van Jakob, dat Hy ons in Sy Weë kan leer en ons in Sy Paaie kan wandel.* ***Want uit Sion sal die Wet uitgaan en die Woord van JaHWeH uit Jerusalem****. [JeshaJaH 2:3]*

Eze 40:3 En Hy het my daarheen gebring; en kyk, daar was 'n **Man** wat in sy voorkoms soos koper gelyk het; en in sy hand was 'n linnetou en 'n meetroede; en hy het by die Poort gestaan.

Eze 40:4 En die Man het met my gespreek: Seun van adam, kyk met jou oë en hoor met jou ore en gee ag op alles wat Ek jou sal laat sien; want om jou dit te laat sien, is jy hierheen gebring. **Verkondig aan die huis van JisraEl alles wat jy sien.**

### Die Glansrykheid van JaHWeH vul die Tempel

**Esegiël 43:1** TOE het hy my gelei na die Poort, die Poort wat na die **ooste** kyk. [Boekrol van Henog 72:2]

2 En kyk, die **Glansrykheid** van die Elohey van JisraEl het van die **oostekant** af gekom; en die geruis daarvan was soos die geruis van baie waters, en **die Aarde was Verlig deur Sy Glansrykheid**. [JeshaJaH 59:19; 2 Ezra 1:38]

3 En die gesig wat ek gesien het, het gelyk soos die gesig wat ek gesien het by my koms om die Stad te verwoes; en dit was gesigte soos die gesig wat ek gesien het by die **Kebarrivier**; en ek het op my aangesig geval. [JeségiEl 1 en 10]

4 En die Glansrykheid van JaHWeH het in die Huis ingetrek deur die Poort waarvan die voorkant **na die ooste** lê. [Boekrol van Henog 90:29; 91:13]

5 En die Gees het my opgeneem en my in die binneste voorhof gebring; en kyk, **die Glansrykheid van JaHWeH het die Huis gevul.**

6 En ek het Een gehoor wat met my spreek uit die Huis, terwyl die Man by my staan. [Exodus 23:20]

7 En Hy het vir my gesê: Seun van adam, **[dit is] die plek van My Troon en die plek van My Voetsole waar Ek vir ewig sal woon onder die kinders van JisraEl; en die huis van JisraEl sal [die] Naam van My Apartheid nie meer besoedel nie,** hulle en hulle konings met hulle hoerery en met die lyke van hulle konings, by hulle dood;

8 deurdat hulle hul drumpel by My drumpel gemaak het en hul deurpos langs My deurpos, sodat [net] die muur tussen My en hulle was; en hulle **het [die] Naam van My Apartheid besoedel** met hulle gruwels wat hulle bedryf het, sodat Ek hulle in My Toorn verteer het.

9 Nou sal hulle hul hoerery en die lyke van hul konings ver van My af verwyder; en **Ek sal vir ewig onder hulle woon.** [Profesie van Barug 4:24]

10 Jy, o seun van adam, vertel die huis van JisraEl van die Huis, sodat hulle beskaamd kan staan vanweë hul ongeregtigheid, en laat hulle die voorbeeld nameet.

11 En as hulle beskaamd staan oor alles wat hulle gedoen het, **maak hulle dan bekend die vorm van die Huis** en sy inrigting en sy uitgange en sy ingange en al sy vorme en al sy Verordeninge, ja, al sy vorme en al sy Wette; en skrywe haar voor hulle oë op, sodat hulle sy hele vorm kan bewaar en al sy Verordeninge en dié kan uitvoer.

12 **Sy is die Wet van die Huis:** Op die top van die berg sal sy hele gebied al rondom **Apartheid van Aparthede** wees. Kyk, sy is die Wet van die Huis.

**Esegiël 44:23** En hulle moet My volk die [onderskeid] aandui tussen **Apartheid en vermenging**, en hulle bekend maak die onderskeid tussen wat **raseg en verbasterd** is. [JeségiEl 22:26]

## 29.12.20 - Boodskap aan JaHshua se kinders en Bruid oor Sy Apartgestelde Liefde

Die profesie van Barug 1-2

1 EN dit is die woorde van die Boekrol wat Barug, die seun van NeriJaH, die seun van MagséJaH, die seun van SedekiJaHûW, die seun van HasádJaH, die seun van HilkíJaH[ûW], in Babel geskryf het.
2 In die vyfde jaar, op die sewende dag van dieselfde maand **waarin die Chaldeërs Jerusalem ingeneem en deur vuur verbrand het**,
3 het Barug die woorde van hierdie Boekrol voorgelees ten aanhore van JekónJaH, die seun van JeHôWjakim, die **koning van JeHûWdah**, en ten aanhore van al die **volk** wat na die lees van die Boekrol gekom het,
4 en ten aanhore van die **vorste** en die **owerstes** en die **oudstes** en van die hele volk, groot en klein, wat in Babel by die Soedrivier woon.
5 En hulle het **geween en gevas en gebid** voor die Aangesig van JaHWeH,

15 JULLE sal sê: Aan JaHWeH onse Elohey kom die Geregtigheid toe maar aan ons die beskaming van die aangesig, soos dit vandag is **aan die hele JeHûWdah en aan die inwoners van Jerusalem**
16 en aan ons konings, ons owerstes, ons priesters, ons profete en ons vaders.
17 **Ons het oortree teenoor JaHWeH onse Elohey.**
18 Ons het Hom nie gehoorsaam nie, en ons het nie geluister **na die Stem** van JaHWeH onse Elohey om te handel in die Wet wat Hy ons gegee het nie.
19 Vanaf die dag waarop JaHWeH ons vaders uit die Aarde van Egipte gelei het, tot vandag toe was ons voortdurend ongehoorsaam aan JaHWeH onse Elohey en het ons ligsinnig afgewyk om nie Sy Stem te hoor nie.
20 Aan ons kleef die **besoedeling en die vloek** wat JaHWeH deur Sy dienskneg Moshè verorden het op die dag waarop Hy ons vaders uit die Aarde van Egipte gelei het, om ons 'n Adamah [die adamiet se Aarde] te gee wat oorloop van **melk en heuning** soos sy vandag is.
21 Maar ons het **nie geluister** na die Stem van JaHWeH onse Elohey, ondanks al die woorde van die profete wat Hy na ons gestuur het nie.
22 En ons het afgewyk, elkeen ooreenkomstig die gesindheid van sy besoedelde hart, **om gode van vermenging te dien** en te oortree voor die Aangesig van JaHWeH onse Elohey.

**Barug 2:1** DAAROM het JaHWeH Sy Woord in vervulling laat gaan wat Hy oor ons gespreek het en oor ons rigters, wat JisraEl geregeer het, en oor ons konings, ons vorste en die hele JisraEl en JeHûWdah:
2 Dat Hy **groot besoedeling oor ons bring** wat onder die ganse Hemele nie gebeur het soos in Jerusalem nie; dat, soos in die Wet van Moshè geskryf is,
3 elkeen van ons die **vlees van sy seun** en die **vlees van sy dogter** sal eet.
4 Hy het hulle **oorgelewer** in die mag van al die koninkryke wat ons omring, om 'n **voorwerp van spot en vervloeking te wees by al die omringende nasies**, waaronder JaHWeH hulle verstrooi het.
5 Hulle het **laer afgesak en nie hoër opgeklim** nie, omdat ons oortree het teen JaHWeH onse Elohey deur nie te luister na **Sy Stem** nie.
6 Aan JaHWeH onse Elohey kom die Geregtigheid toe maar aan ons en aan ons vaders die **beskaming van die aangesigte**, soos dit vandag is.
7 JaHWeH het ons gedreig met al daardie besoedeling wat oor ons gekom het.
8 En ons het die Aangesig van JaHWeH nie gesoek deur ons almal te bekeer van die neigings van ons besoedelde hart nie.
9 Daarom was JaHWeH wakker oor die besoedeling om dit oor ons te bring; want JaHWeH is regverdig by al Sy werke wat Hy ons gebied.
10 Maar ons het nie na Sy Stem geluister om te **wandel in die Wet van JaHWeH,** wat Hy ons voorgehou het nie.

**Barug 2:29** Wanneer julle nie na My Stem luister nie, sal hierdie groot en talryke menigte, **die minste word** van die volke waaronder Ek hulle sal verstrooi;
30 want Ek weet dat hulle nie na My sal luister nie, omdat die **volk se nek verhard** is. Maar in die Aarde van hulle ballingskap sal hulle tot bekering kom,
31 **en hulle sal erken dat Ek JaHWeH, hulle Elohey is. Dan sal Ek hulle 'n hart gee en ore wat verstaan,**
32 en hulle sal My loof in die Aarde van hulle ballingskap en **My Naam** indagtig wees.
33 Hulle sal hulle **bekeer van hulle hardnekkigheid en van hulle besoedelde werke**, want hulle sal dink aan die pad van hulle vaders, wat teen JaHWeH oortree het.
34 Dan sal Ek hulle laat **terugkeer na die Adamah [die adamiet se Aarde] wat Ek met 'n eed beloof het aan hulle vaders Abraham, Isak en Jakob**, en hulle sal haar besit. En Ek sal hulle vermeerder, en hulle sal nooit minder word nie.
35 **Ook sal Ek 'n ewige Verbond met hulle sluit**, sodat Ek hulle Elohey en hulle My volk sal wees; en Ek sal **My volk JisraEl** nie meer wegvoer uit die Adamah [die adamiet se Aarde] wat Ek aan hulle gegee het nie.

# 30.12.20 - Boodskap aan JaHshua se kinders en Bruid oor Sy Apartgestelde Liefde

Barug 3

1 ALMAGTIGE JaHWeH, die Elohey van JisraEl, 'n gebroke gees en 'n verslae siel roep U aan.
2 Hoor, JaHWeH, en ontferm U, want ons het oortree teen U.
3 Omdat U sit tot in ewigheid, sal ons dan verwerp wees tot in ewigheid?
4 Almagtige JaHWeH, die Elohey van JisraEl, hoor die smeekbede van die **gestorwenes van JisraEl** en van die kinders van hulle wat teen U oortree het en wat nie na die Stem van JaHWeH hulle Elohey geluister het nie. **Die besoedeling kleef aan ons**.
5 Wees nie die oortredinge van ons vaders indagtig nie, maar dink in hierdie tyd aan U Mag en U Naam. [Profesie van Barug 2:11]
6 **U is JaHWeH onse Elohey, en ons sal U loof, JaHWeH**.
7 Want U het juis daarom die Vrees vir U in ons hart gelê dat ons U Naam sou aanroep; en ons prys U in ons ballingskap, omdat ons ons afgewend het van die **ongeregtigheid van ons vaders, wat teen U oortree het.**
8 Kyk, vandag is ons in die ballingskap waarin U ons verstrooi het tot 'n **skande en vloek en boete** vanweë al die oortredinge van ons vaders, wat afgewyk het van JaHWeH onse Elohey.
9 HOOR, JisraEl, die Gebooie van die lewe; luister om die **Wysheid** te ken.
10 Waarom is dit, JisraEl, dat jy in **die Aarde van die vyande** is? Dat jy oud geword het in 'n vreemde deel van die Aarde?
11 Waarom is jy besoedel soos lyke? Waarom word jy gereken onder hulle wat neergedaal het in die Doderyk/Sheol?
12 **Jy het die Fontein van die Wysheid verlaat**.
13 Wanneer jy sou gewandel het op die Weg van Elohim, dan sou jy in **Vrede** gewoon het tot in ewigheid. [Psalm 18:30]
14 Leer waar **Wysheid** is en waar **Krag** is en waar tegelyk die **Verstand** is om te weet waar lengte van lewe en lewensonderhoud is, en waar **Lig van die Oë** en **Vrede** is.
15 Wie het die **Wysheid** se plek gevind? En wie het in Haar skatkamers binne gegaan? [Job 28:12]
16 Waar is die vorste van die nasies, en waar is die wat oor die wilde diere van die Aarde heers?
17 Waar is die wat met die voëls van die Hemele speel? Waar is die wat die goud en silwer waarop die mense vertrou, opspaar en wat nie ophou met soek na besit nie?
18 Waar is die wat die silwer smeed en met sorg bewerk, en wie se werkstukke onnavolgbaar is?
19 Hulle het verdwyn en neergedaal in die Doderyk/ Sheol; en ander het hulle plekke ingeneem.
20 'n Jonger geslag het die Lig gesien en op die Aarde gewoon, maar hulle het die **Weg van die Wysheid nie geken nie;**
21 hulle was ook nie op Haar Paaie nie en het Haar nie gekry nie; en hulle kinders het ver gebly van die Weg. [Psalm 18:30]
22 In Kanaän hoor 'n mens nie van Haar nie, en in Teman is Sy ook nie gesien nie.
***Esegiel 25:13*** *daarom, so sê My Meester JaHWeH: Ek sal My Hand uitstrek* ***teen Edom*** *en uit haar* ***adamiet en dier*** *uitroei; en Ek sal haar 'n puinhoop maak van* ***Teman*** *af, en tot by Dedan sal hulle deur die swaard val.*
23 Die **seuns van Hagar** wat die Kennis op die Aarde soek, en die **koopmans** van Merra en Teman, en die **fabeldigters** en die soekers van Insig - hulle het die **Weg van die Wysheid nie geken nie**, en hulle het geen wete gehad van Haar Paaie nie.
24 o JisraEl, hoe groot is die Huis van Elohim en hoe wyd die plek van Sy besit!
25 Hy is groot en Hy het geen einde nie; Hy is hoog en onmeetbaar.
26 Daar was die reuse, die manne van naam van die ou tyd, wat baie groot was en ervare in die stryd.
27 Maar JaHWeH het hulle nie uitverkies nie en aan hulle **nie die Weg van die Wysheid gegee nie**;
28 en hulle het omgekom, omdat hulle nie die Wysheid besit het nie; hulle het omgekom vanweë hulle onbedagsaamheid.
29 WIE het opgeklim na die Hemele en **Haar gekry en saamgebring uit die Wolkkolom?**
30 Wie het oorgevaar na die ander kant van die see en Haar gevind en Haar vir uitgesoekte goud gekoop?
31 Daar is niemand wat die Weg van die Wysheid ken of wete het van Haar Paaie nie.

Profesie oor JaHshua wat die Wysheid ontvang

32 **Maar Hy wat alles weet, ken Haar; Hy het Haar gevind deur Sy eie Insig**. Hy wat die Aarde in die eindelose tyd toeberei het, Hy het haar ook volgemaak met viervoetige diere.
33 **Hy stuur die Lig, en Sy gaan; Hy roep Haar, en Sy gehoorsaam en sidder vir Hom.**
34 Die **Sterre** straal op hulle wagposte en jubel;
35 Hy roep Hulle en Hulle sê: **Hier is Ons**. En met vreugde straal Hulle vir Hulle Maker.
36 Hy is Onse Elohey; geen ander is aan Hom gelyk nie.
37 Hy het die hele Weg van die Wysheid ontdek, en Hy het Haar meegedeel aan Sy dienskneg Jakob en aan JisraEl, wat Hy liefhet.
38 **Daarna is Sy gesien op die Aarde, en Sy het met die adamiete omgegaan**. [Wysheid van Sirah 24:8]

# 31.12.20 - Boodskap aan JaHshua se kinders en Bruid oor Sy Apartgestelde Liefde

Barug 4

1 DIT is die Boekrol van JaHWeH se Gebooie en die Wet wat tot in ewigheid is. Almal wat Haar aanneem, sal lewe; maar die wat Haar verlaat, sal sterf.

2 **Bekeer jou, Jakob**, en aanvaar Haar; wandel in die Glans van Haar Lig.

3 **Moenie jou Glansrykheid** (jou Gees) **aan 'n verbasterde gee nie; en moenie Haar wat vir jou voordelig is, aan 'n ander nasie gee nie**.

4 Welgeseënd is ons, **JisraEl**, dat die dinge wat aan JaHWeH welgevallig is, **aan ons bekend is.**

5 HOU goeie moed, My volk! JisraEl, onthou!

6 **Julle is verkoop aan die nasies,** maar julle sal nie omkom nie, want julle is aan die vyande uitgelewer omdat julle Elohey vertoorn het.

7 Want julle het julle Maker verbitter deurdat julle **aan duiwels bydraes gebring het** en nie aan Elohim nie.

8 Julle het die Ewige El vergeet wat julle gevoed het; julle het **Jerusalem, wat julle gevoed het, bedroef gemaak.** [Hooglied van Salomo 1:5]

9 Want Sy het die Woede van Elohim oor julle sien kom en gesê: Hoor, inwoners van Sion, want JaHWeH het groot rou **oor My gebring**.

10 Ek het die gevangenskap aanskou van **My** seuns en dogters, en die Ewige het dit aan hulle gedoen.

11 Met Vreugde het **Ek** hulle gevoed; met geween en rou het **Ek** hulle laat gaan.

12 Laat niemand hom vrolik maak oor **My, die Weduwee wat deur baie verlaat is; Ek is eensaam vanweë die oortredinge van My kinders, want hulle het afgewyk van die Wet van JaHWeH, [Psalm 60:1; 2 Ezra 2:2]**

***Gal 4:26 Maar Jerusalem daarbo is vry; en Sy is die Moeder van ons almal.***

13 Hulle het Sy regte misken en nie gewandel op die Weg van JaHWeH se Gebooie nie en nie in Geregtigheid die Paaie van Sy Onderrig gevolg nie.

14 Inwoners van Sion, kom en gedenk die gevangenskap van My seuns en dogters, wat die Ewige oor hulle gebring het.

15 **Van ver af het Hy oor hulle 'n nasie laat kom - 'n onbarmhartige nasie met 'n vreemde taal, wat nie 'n grysaard en 'n seuntjie ontsien nie.**

16 Hulle het die geliefde seuns van die Weduwee **weggevoer** en die Eensame van Haar dogters beroof.

17 Maar Ek, hoe kan Ek julle help?

18 Want Hy wat die besoedeling oor julle gebring het, kan julle verlos uit die hand van julle vyande.

19 **Trek weg, kinders, trek weg;** want Ek bly eensaam agter.

20 Ek het die kleed van die Vrede afgelê en die **roukleed van die Smeking** aangetrek; Ek sal die Ewige aanroep in My dae. [Profesie van Barug 5:1]

21 HOU goeie moed, kinders! Roep na JaHWeH, en Hy sal julle uitlei uit die oorheersing en **uit die mag van die vyande.**

22 Ek het My hoop gestel op die Ewige dat Hy julle uitred; en Vreugde het van die Aparte Een oor My gekom vanweë die Medelye wat met spoed na julle kom **van die Ewige, julle Losser**.

23 Want Ek het julle laat gaan met smart en jammerklagte, **maar JaHWeH sal julle aan My teruggee** met Vreugde en Blydskap vir altyd.

24 Want net soos die inwoners van Sion nou julle gevangenskap aanskou, so sal hulle spoedig ook julle **Lossing deur Elohim** sien, **wanneer Hy vir julle kom met groot Glansrykheid.** [JeségiEl 43]

25 Kinders, verdra met geduld die Woede wat van JaHWeH oor julle gekom het; die vyand het jou vervolg, **maar spoedig sal jy sy ondergang sien, en dan sal jy jou voet op sy nek sit**.

26 My teergevoelige kinders het op skurwe paaie gewandel; hulle is weggevoer soos 'n trop vee wat deur vyande gesteel is.

27 Hou goeie moed, kinders! Roep na JaHWeH, want Hy wat julle weggevoer het, sal aan julle dink.

28 Want soos dit julle gesindheid gewees het om van Elohim af weg te dwaal, so sal julle tienmaal meer na Hom terugkeer en soek.

29 En Hy wat die besoedeling oor julle gebring het, sal **ewige Vreugde oor julle bring saam met julle Lossing**.

30 **Hou goeie moed, Jerusalem**! Hy wat jou 'n naam gegee het, nooi jou uit.

31 Wee hulle wat jou gekwel het en hulle verheug het oor jou val!

32 **Wee die stede** waar jou kinders diensbaar was! Wee die koninkryk wat jou seuns geneem het!

33 Want soos sy haar oor jou ondergang verheug het en oor jou val gejubel het, **so sal sy jammer oor haar eie verwoesting.**

34 Ek sal 'n einde stel aan haar vreugde oor haar menigtes, en haar trots sal in droefheid verander.

35 **Want vanaf die Ewige sal Vuur oor haar kom in lengte van dae, en vir 'n lang tyd sal duiwels in haar woon.**

36 Slaan jou oë op **na die ooste, Jerusalem**, en aanskou die Vreugde wat vir jou van Elohim af kom.

37 Kyk, jou kinders kom wat jy laat gaan het; hulle kom, **van die ooste tot die weste** versamel deur die Woord van die Aparte Een, en hulle jubel oor die Glansrykheid van JaHWeH.

# 01.01.2021 - Boodskap aan JaHshua se kinders en Bruid oor Sy Apartgestelde Liefde

Barug 5

1 LÊ af, **Jerusalem**, die kleed van jou rou en verdrukking, en beklee jou vir altyd met die prag van JaHWeH se Glansrykheid. [Profesie van Barug 4:20]

***Gal 4:26 Maar Jerusalem daarbo is vry; en Sy is die Moeder van ons almal.***

2 Slaan die mantel om van die Geregtigheid wat uit Elohim is, en sit op jou hoof die hoofversiersel van die Glansrykheid van die Ewige. [Exodus 28:36]

***Odes van Salomo 9:8 Waarheid is 'n ewige Kroon****; geseënd is diegene wat Haar op hul hoofde plaas, [Exodus 28:36, 37; ZekarJaH 3:5; Openbaring 2:10]*
*9 'n Steen van groot waarde; want die oorloë is as gevolg van die Kroon;*
*10 En* ***Geregtigheid*** *het Haar geneem, en Haar aan julle gegee. [JeshaJaH 60:17]*
*11 Sit die Kroon op in* ***die ware Verbond van JaHWeH****; en almal wat oorwin het, sal in Sy Boek opgeskryf word; [Openbaring 21:27]*
*12 Want Sy Boek is die oorwinning wat julle s'n is; en Hy sien julle daarvoor en Hy begeer dat julle verlos word. Halalu-JaHH/Prys jul JaHH!*

**Ode van Salomo 24:1 DIE Duif het afgevlieg op die hoof van ons Meester, ons Gesalfde, want Hy was Haar hoof.**

3 Want JaHWeH sal aan die hele gebied onder die Hemele jou glans openbaar.
4 JaHWeH sal jou vir ewig by die naam noem: **Vrede van Geregtigheid en Roem van Gehoorsaamheid**. [JeshaJaH 60:14 - 17]

***Hebreërs 7:1*** *WANT hierdie* ***Melgisédek*** *was koning van* ***Salem****, priester van die Hoogste El, wat vir Abraham tegemoetgegaan het by sy terugkeer toe hy die konings verslaan het, en hom geseën het; [Génesis 14:18]*
*Heb 7:2 aan wie Abraham ook 'n tiende deel van alles gegee het - hy was in die eerste plek, volgens uitleg,* ***Koning van Geregtigheid en dan ook Koning van Salem, dit is Koning van Vrede****; [Openbaring van Henog 23:37]*

5 Staan op, **Jerusalem**, en klim op 'n hoogte. Slaan jou oë op na die ooste, en **aanskou jou kinders** wat van die weste af **deur die Woord van die Aparte Een versamel is,** en wat jubel omdat JaHWeH aan hulle gedink het. [Psalm 147]
6 Hulle het te voet van jou weggegaan, toe hulle deur die vyande weggevoer is; maar JaHWeH lei hulle na jou, terwyl hulle met eer gedra word soos 'n koningstroon.

7 Want JaHWeH het bepaal dat elke hoë berg en die ewige heuwels laag gemaak word en dat die klowe gevul word totdat die Aarde gelyk is, **sodat JisraEl veilig kan wandel in die Glansrykheid van JaHWeH**.
8 En die bosse en al die geurige bome sal aan JisraEl skaduwee gee op die bevel van JaHWeH.
9 Want JaHWeH lei JisraEl met Vreugde deur **die Lig van Sy Glansrykheid saam met Sy Medelye en Geregtigheid.**

***Jesaja 9:6*** *Want 'n* ***Kind is vir ons gebore****, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op Sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Magtige El, Ewige Vader, Vredevors - [Psalm 122:7; JeshaJaH 63:16]*
*Isa 9:7 tot vermeerdering van die* ***Heerskappy*** *en tot* ***Vrede sonder einde****, op die Troon van Dawid en oor Sy koninkryk, om haar te bevestig en haar te versterk deur* ***Reg en deur Geregtigheid,*** *van nou af tot in ewigheid. Die Ywer van JaHWeH van die skeppings-leërmagte sal dit doen.*